# Wanneer kan ons die Tweede Koms van Jesus verwag?

Die Evangelieskrywer verklaar baie duidelik dat die Seun op die Vader se bevel wag, dit is met betrekking tot Sy terugkeer (=die Wederkoms : Mr 13.32). Mattheus bevestig hierdie saak.

Mr 13.3 : " Pas op, waak en bid want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie" (Jesus).

2 Pet. 3.3-4 "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en se: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af." En 2 Pet. 3.8-9 : "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie he dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."

Moet die wederkoms dan eers na die sogenaamde "openbaring van die Antichris" plaasvind en wie ook 'n "Merkteken - die Merk van die Bees - aan een en almal sal gee? Volgens die apostoliese briewe (1 Jn. 4) het die Antichris alreeds opgestaan Om hierdie rede verklaar die Apostel Johannes hoedanig die Antichris en sy geesgenote (die wat hulle by hom skaar) alreeds in sy tyd `n valse boodskap oor Christus verkondig het (v. 3). Hierdie manifestasie van valse lering en leraars het gevolglik alreeds in die eerste eeuse kerklike opset plaasgevind.

Op dieselfde wyse behoort ons die Pauliniese 2 Thes. 2 profetiese woord te benader, naamlik dat dit kort na die vertrek van die Apostel Paulus, dit is kort na sy verdwyning van die toneel, in plek geval het. Hy, hierdie apostel wie so `n kragtige mondstuk teen valse leraars en veral die opkoms van die "man van sonde" was, was dan daardie een wat uit die weg geruim moes word alvorens die valse leraars hulle strategiese plan van aksie behoorlik in werking sou kon stel - dit is om post-apostoliese Christendom agter hulle aan te trek en onder hulle een sambreel te verenig (v. Hand. 20.17+).

Dit is dan `n baie groot fout om die wederkoms van Jesus op die lange baan te skuif net omrede ons dit wil he dat die Antichris nog nie sy verskyning op die wereldfront gemaak het nie.

Diegene wat hierdie misleidende boodskap glo, is inderdaad bevange met `n gees van dwaling en dit is ook hierdie tipe wat misleidende boodskappe franties verkondig. Dit is veral hierdie tipe wat onverwags oorval sal word met hierdie mees uitstaande dag in die geskiedenis van die wereld, naamlik die Wederkoms van Jesus. Dit is hulle wat dan hardkoppig bly verkondig dat die wederkoms nog nie in sig is nie omrede die Antichris nog nie verskyn het nie en omrede die Antichris nog nie sy merkteken op een en almal afgedwing het nie. Hierdie boodskap was veral aangewakker deur Mary S Relfe se boek en vele Pinkster en Charismatiese predikers (veral laasgenoemde) het in die tagtigerjare groot skares toegespreek, ook opgesweep, met hierdie tipe misleidende boodskap. Verbeelding is natuurlik die moeder van dwaling en veral as ons dit aan ons doktrines wil koppel sonder om objektiwiteit te behou.

Feit is, die Antichris was al in die tyd van die hoofapostels van die eerste eeuse Kerk deur die Gees van God geopenbaar en om hierdie rede verklaar die Apostel Johannes in sy leeftyd - tot en met 100 n.C. volgens algemene siening - dat daar alreeds baie antichriste bestaan het. "Antichris" beteken veral om in die plek van Christus op te tree as Plaasvervanger of Substituut en om dan Christus se boodskap te verdraai en in plek daarvan alternatiewe doktrine neer te le. Hierdie saak is dan alreeds vervul, dit is met die opkoms van die post-apostoliese kerk en al die geestelike verval wat daarby vervleg is.

Wat betref die Merkteken aan die regterhand en aan die voorkop : Tertullianus het hierdie saak aan kinderbesprenkeling gekoppel en hy was waarlikwaar in die kol omrede die egte doop (deur onderdompeling en in die naam van die Verlosser daarby) verruil was vir `n alternatiewe doop en doopwyse. Diegene wat belese is en vertroud is met die vroegste post-apostoliese geskiedenis behoort hierdie stelling nie vreemd te vind nie. Die probleem vervleg rondom die sogenaamde verskyning van die Antichris en sy gedwonge Merkteken, berus dan op onkunde en dit is, ironies, onkundiges wat so graag kom met emosionele opsweping.

Wat ons wel behoort te kan begryp is dat die Antichris volgens Paulus (2 Thes. 2) sal bly regeer tot en met die wederkoms van Jesus want Hyself sal hom met die "asem van Sy wederkoms" vernietig. Die Antichris is dan nie net beperk tot ons moderne era nie - die Millenium - maar die saak is iets wat sedert die verdwyning van die Twaalf Apostels van Jesus - en wie die enigste ware boodskap van verlossing ongeskonde oorgedra het (Jud. v3) - dan aktueel met ons was.

As ons hierdie saak dan van sy emosionele voetstuk stroop, behoort ons vordering te maak met die boodskap oor die "spoedige" wederkoms van Jesus. Niemand weet natuurlik die terugkeerdatum van Jesus nie, maar "spoedig" kan wel relatief wees, dit is dit kan binne `n verwagte tydbestek wees maar `n ware volgeling van Jesus wie gelowig aan die Woord en aan Christus wil bly, sal altyd bereid wees om te waak en te bid - die raad wat Jesus ons gegee het met betrekking tot die kritieke afwagtingsperiode (vergelyk Mt. 25 oor die vyf wyse en die vyf dwase maagde).

Die wat dan in afwagting is sal diegene wees wat volhardend sal waak en bid al sou die terugkeer van Jesus eers na hulle afsterwe plaasvind. Ons behoort soos volwasse Christene dan te glo wat daar geskrywe staan, naamlik in Markus en Mattheus dat NIEMAND die presiese terugkeerdatum van Jesus weet nie!

Maar die mees belangrikste miskonsepsie wat ooit versprei kan word onder hedendaagste Christendom, is dat die Antichris nog moet opstaan! Wat wel `n sterk moontlikheid is, is dat die een wat alreeds vir eeue regeer en met `n gees van misleiding bevange is sedert die Pauliniese 2 Thesalonisense Brief, wel vervolging teen ware Christendom kan loots. Daar is vele wat vervolging verwag en al wat ons kan doen is om waaksaam te wees en om dan voortdurend op die tekens van die tye te let.

Interessante verwikkelinge speel nou in die Midde-Ooste af en baie kan uit hierdie konflik vloei en wendings kan oornag plaasvind teen beide die Jodendom en ware Christendom. Deur die eeue heen was diegene wat die Here in Gees en Waarheid wou dien, maar baie hardhandig op die kantlyn gedruk!

Die belangrikste punt wat ek dan in alle beskeidenheid wil maak, is dat ons sal moet waak en bid en dat ons ons sal moet oopstel vir God se Geesleiding en sodat ons misleidende geeste sal kan systap.

Moet dan nie bly uitkyk vir die openbaring van die Antichris en sy besonderse Merkteken nie! Neem die geheelprentjie (die holistiese geheel) in ag en moet nie net op hierdie laaste van die laaste dae fokus sodra dit by Open. 13 kom nie! Dit was ook vir Johannes se eie tyd bedoel alhoewel die profetiese woord (toekomstige gebeurtenisse) wel deur die Apostel Johannes in sy Openbaringe Boek (die Apokalips) aangekondig word.

Derduisende Christene word nogsteeds nodeloos gepeper met die opkoms sogenaamd van die Antichris terwyl hierdie saak alreeds in vervulling gekom het en om hierdie rede het miljoene siele alreeds deur die eeue heen in die web van afval en verval van God gestruikel. Ons moet gedurig bid dat God ons deur Sy Gees van Waarheid sal lei anders sal ons maklik deur satan self tot struikeling gebring kan word!

Vir diegene wat wil lees: Ek het hierdie saak aangespreek in my boek, Doopkwessies, in PDF formaat. Gratis verkrygbaar op hierdie webwerf: onder Christian Jewish Studies, C0006 (Belydenisse van die Christendom).

Kierkegaard het tereg verklaar: "Om waarheid mee te deel, is om te ly!" Maar diegene wat bereid is om hulle klere wit te hou (geregtige dade te beoefen) en om hulle by die Lam te skaar, dit is om Hom te volg waar Hy ookal lei, sal hulle saligheid in Waarheid vasmaak.

Let veral daarop dat die rolspeler wie die merkteken toedien in Open. 13.16 dieselfde een is wat Johannes beskryf as die "dier" wat ook `n mens is en wie se beskrywing die obskure getal dra en wie se waardegetal op 666 bereken word. "Plaasvervanger van die Seun van God" (in Latyn "Vicarius Filii Dei") kom ooreen met Paulus se beskrywing van die "man van sonde" in 2 Thes. 2. "Sonde" beteken om jou doel in die lewe te mis, ook kom

dit neer om God se doel in en deur jou lewe en optrede (jou doen en late asook jou belydenisse wat veronderstel was om apostolies te bly te mis/te systap (1 Kor. 15.1-3; Hand. 20.27; Hand. 20.20). Hoofsaak is dat ons 2 Thes 2 in konteks behoort te plaas en dan behoort ons te kan begryp dat hierdie Pauliniese teks kort na sy verdwyning ("....todat hy wie hom teehou...") in vervulling gekom het.  Dit is dan nie nog uitstaande en iets wat net vir die sogenaamde "Eindtydperk" is nie, `n verklaring wat in die algemeen deur vele Skrifverklaarders, geleerd en ongeleerd, gehandhaaf word.

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com

August 1, 2014